

Onder redaksie van Carla Lewis-Balden

pols@beeld.com

'n Ma (én pa) se aanraking kan 'n kind se lewe red, skryf **Riëtte Grobler**.

Jamie Ogg en sy tweeling-sussie, Emily, is vroeër vanjaar op net 27 weke in Australië gebore.

Emily se geboorte was maklik, Jamie s'n swaar. 'n Dokter het hom dood verklaar en 'n verpleegster het die pap lyfie op sy ma, Kate, se kaal bors geplaas sodat sy kon afskeid neem.

Sy en haar man, David, het hom vertel hoe lief hulle vir hom was en hom styf vasgehou.

Ná 'n paar minute het Jamie kort, vinnige bewegings begin maak wat hul dokter eers as 'n refleksaksie afgemaak het. Mettertyd het die baba egter na sy ma se vinger gegryp en eindelijk, ná twee uur teen haar warm bors, sy ogies oopgemaak. Hy is vandag 'n gesonde baba.

Dokters meen die aanvanklike doodsvaardigheid was 'n fout. Hulle glo egter dat sy ouers sy lewe met sogenaamde "kangaroo-sorg" gered het.

'n Brug tot die wêreld

"'n Baba móét ná geboorte direk vel-op-vel-kontak met Mamma maak. Die vel op haar bors verhit en werk soos 'n broeikas wat die baba warm hou. Aanraking kan lewens en verhoudings red," sê dr. Melodie de Jager, 'n ontwikkelingskenner wat die BabyGym-program ontwikkel en 'n gelyknamige boek geskryf het.

Sy meen dié vroeë aanraking vorm die boustene van 'n kind se verhouding met haar ma en mettertyd ook van haar verhouding met die wêreld.

"Pa's moet ook liefdevol aan hul baba's raak omdat hulle anders ruik en voel as ma's én op ander maniere aan hul kinders raak," sê sy.

Sy glo dit is aanraking wat babas laat kliek, beaam suster Lilian Paramor, direkteur van die Sister Lilian-sentrum in Pretoria wat spesialiseer in swangerskap, ouerskap en kindergesondheid.

"Aanraking versterk die im-

muunstelsel deur streshormone te verlaag en tot beter sirkulasie te lei," sê sy. "Babamassering bevorder groei, veral in laegewig-babas of babas wat stadig gewig aansit en dra op 'n eenvoudige manier tot die skep van 'n daaglikse roetine by."

Sy sê aanraking is nie 'n aan-geleerde vaardigheid nie.

"Dit is die taal van die liefde en is 'n instinktiewe en intuitiewe kommunikasietegniek tussen 'n liefdevolle ouer en baba. Aanraking is soos terapie," sê Paramor.

Volgens De Jager laat liefdevolle aanraking 'n baba ontspan. "Aanraking laat 'n baba veilig voel en ontspan. Emosies is met immuniteit verweef en 'n meer ontspanne baba sal beter ontwikkel tot volwassene," sê sy.

Dit is nie net babas wat by positiewe aanraking baat vind nie, maar ouers ook.

"Ouers reageer gewoonlik positief op 'n baba se positiewe reaksie tot aanraking. Dit begin 'n gesonde siklus wat daartoe lei dat 'n hegte band tussen ouers en kind gevorm word en 'n baba se leefwêreld vergroot."

De Jager verduidelik 'n baba se vel is die grens, én brug, tussen haarsel en die buitewêreld. Haar ouers help haar om dié nuwe wêreld te leer ken.

Aanraking help ontwikkel

Volgens Marga Grey, 'n arbeidsterapeut en skrywer van *Stimuleer jou kind met begrip*, is die tassintuig of gevoel van aanraking een van die eerste sensasies wat in die baarmoeder ontwikkel.

Babas ervaar al in die baarmoeder hul ma se liefdevolle aanraking, voeg Paramor by. "Die spiere van die baarmoeder is sterk en gee jou baba haar eerste drukkie."

De Jager sê ma's se liefdevolle aanraking van hul swanger mae beïnvloed die fetus positief.

"Jy kan op skanderings sien dit laat babas ontspan en wel-

Ouers, ráák aan jul baba!



Bou met liefdevolle aanraking vir jou 'n kind 'n brug tussen haarsel en die wêreld.

Foto: IMAGE SOURCE

kom voel. Dit is die eerste stap in emosionele ontwikkeling," sê sy. "As babas nie emosioneel en sosiaal ontwikkel nie, is die basiese apparaat vir die ontwikkeling van 'n gewete en empatie afwesig en is die kans op geweldadige gedrag groter wanneer hulle ouer is."

"Die tassintuig verskaf ons eerste persepsies van die omge-

wing om ons. Dit is ook een van die belangrikste sensasies om die baba versorg en veilig te laat voel," sê Grey.

De Jager voeg by: "Omdat vel eerste ontwikkel, is dit 'n manier om tot 'n baba se hart en denke deur te dring. Die haartjies op die vel werk soos antennes wat bepaal of die baba kan ontspan, eet, kos verteer en

slaap of moet geraas maak."

Volgens Grey het aanraking 'n positiewe effek op 'n kind se emosionele toestand en dra dit ook by tot brein- en motoriese ontwikkeling.

Wanneer 'n kind seer kry, hardloop sy mos dadelik na 'n ouer om op die skoot te sit, vertroetel te word en 'n drukkie te kry; as sy haar kop stamp wan-

neer sy onderdeur 'n stoel kruip, leer sy baie gou hoe groot haar kop is en hoe laag die stoel en terwyl kinders vertroetel word, leer hulle hul liggamme ken, verduidelik sy.

■ **Aanvullende bronne:** www.dailynews.com; www.dailymail.com; **Pampers Touch Tip Calendar 2010**

Wenke

■ "Om bloot jou baba styf teen jou lyf vas te hou het terapeutiese eienskappe," sê Paramor. "Wikkel haar snoesig teen jou vas wanneer jy borsvoed en hou babas wat formulemelk drink styf teen jou lyf."

■ Diep aanraking, soos 'n stywe drukkie, is kalmerend; ligte aanraking, soos die ligte beweging van hare en aanraking van growwe teksture, of die onreëlmatige beweging van wind oor die vel, is stimulerend, verduidelik Grey.

■ "In die eerste twee weke ná geboorte het die baba die veiligheid van stywe kombersies om haar nodig," sê Grey. "Daarna begin sy meer beweeg en kan die kombersies losser wees om beweging en aanraking toe te laat."

■ Laat jou baba op haar rug lê en hou haar voete vas. Vryf met jou duime klein sirkeltjies op haar sole en maak soveel oogkontak as moontlik, sê Paramor. "Dit sê vir jou baba: 'Hallo, ek is hier' en is strekend vir koliek of 'n loopneus.

Terwyl jou baba op haar rug lê, kan jy haar geskop 'n doel gee deur 'n teiken vas te hou wat sy kan skop, soos 'n sagte speelding of 'n kussing. Prys haar as sy dit raak skop," sê Paramor. "Dit help jou baba om te leer om te reageer wanneer sy geprys word en help met die ontwikkeling en beheer van haar beenspiere."

■ "Gebruik 'n groot kartondoos of wasgoedmandjie en vul dit met balle, spons en afvalstukke materiaal van verskillende teksture," sê Grey. "Babas, peuters en kleuters sal lank daarin speel. Maak net seker alles wat jy daarin sit is te groot om in die mond te sit of aan te verstik."

■ "Hoe moeiliker 'n baba, hoe minder is 'n mens geneig om hulle te masseer en te wieg," sê Grey. "En dis juis hulle wat dit die nodigste het."

Tot u diens

onder redaksie van Marthinus Koekemoer

totudiens@beeld.com

Verbruikersforum

Blinde wag lank op Absa-besoek

Me. A. Lourens het by Tot u diens kom aanklop met haar ma se klage oor Absa.

"My ma het blind geword en sy het Absa gevra om haar suster, me. Van Vuuren, tekenregte op haar bankrekening te gee.

"Twee Absa-verteenvoerders moes my ma besoek om te bevestig dat dit is wat sy wil hê en moes dan die nodige dokumentasie aan die bank deurgee.

"Omtrent 'n maand later het my ma steeds op dié besoek gewag.

"Toe ons die derde keer gaan vra wanneer die besoek sou plaasvind, het die bestuurder gesê hulle het min personeellede en dit veroorsaak die oponthoud.

"Bykans twee weke is verby sedert die laaste versoek aan die bank en steeds wag my ma."

Ons het Absa gevra om aandag te gee aan Lourens se klage.

'n Absa-verteenvoerder het Lourens se ma besoek en die

saak na wens afgehandel.

Vrieskas selfs ná gas nie reg

Me. Anna Engelbrecht was nie beïndruk met die diens van All Appliance Services nie.

"Ek het besef my vrieskas is besig om te ontvries. Ek het All Appliance Services gebel om daarna te kom kyk. Hulle was binne 'n uur hier. Volgens hulle het die vrieskas te min gas ingehad en vir 'n bedrag van nage-noeg R600 kon hulle dit aanvul."

Engelbrecht het die bedrag betaal en die gas is aangevul.

"'n Paar dae later het dit voo-gekom of die vrieskas steeds nie reg funksioneer nie. As ek iets in die vrieskas geplaas het, was dit dae later steeds nie gevries nie.

"Ek het die probleem aan All Appliance Services gerapporteer en hulle het gesê hulle sal dadelik aandag daaraan gee. Ek bel hulle daaglik, maar niks word

gedoen nie en hul belofte om my geld terug te gee kom ook nie verder nie."

Ons het Engelbrecht se klage onder die aandag van All Appliance Services gebring. Sy het haar geld teruggekry.

Bankmed gee te min vir suurstof

Mnr. Hans Fourie het aan ons geskryf met sy klage oor Bankmed.

"Ek sukkel met ernstige slaap-afwykings en ek benodig dus 'n suurstofmasjien. Die koste van dié masjien is R12 000, maar Bankmed het net R3 970 daarvoor toegestaan. Ek probeer al geruime tyd by Bankmed vasstel hoe hulle die bedrag bereken het, maar al wat hulle sê is die bedrag is volgens hul reëls bepaal.

"Ek dink ek is geregtig op 'n volle betaling."

Ons het Bankmed gevra om Fourie se klage te ondersoek en hy is vergoed vir die volle koste

van die suurstofmasjien.

Homemark vind nie sy klage

Mnr. Hermann Visser het met Homemark 'n bloutjie geloop.

"Ek het 'n probleem ondervind met 'n produk wat ek by Homemark gekoop het. Ek het dit na hul plaaslike winkel terugge- neem en dit is vervang. Ongeluk- kig het ek ná omtrent twee weke weer probleme ondervind.

"Aangesien ek toe langer as se- we dae gewag het om die produk terug te vat, kon hulle my nie by die winkel help nie.

"Ek het hul kliëntediensnom- mer gebel en hulle sou die saak ondersoek. Ná maande se wag is die probleem steeds nie opgelos nie."

Tot u diens het Homemark ge- vra om aandag aan Visser se klage te gee. Hulle sê hulle kon nie sy klage op hul stelsel vind nie. Hy is om verskoning gevra en het kooppwyse vir R100 meer

as die aankoopprys van sy foutie- we produk gekry.

MTN sê hy wen, gee nie sy prys

Mnr. Johann van Aswegen het by ons kom kla oor die diens van MTN.

"Ek het aan 'n MTN-kompeti- sie deelgeneem en 'n SMS ont- vang dat ek R500 gewen het.

"Volgens die SMS sou ek op die volgende maand se staat de- tails kry oor die prys. Maande later en ná vele navrae wag ek steeds vir die prys."

Ons het Van Aswegen se klage onder MTN se aandag gebring en hy het die R500 as lugtyd ont- vang.

■ Mnr. J. Joubert het ook sy misnoeë oor MTN uitgespreek.

"Daar is versekeringspremies van my MTN-rekening verhaal, maar dit blyk dié versekering be- staan nie. Ek dink MTN is besig met 'n skelmstreek en selfs nadat ek male sonder tal aan hulle ge-

skryf het om 'n verduideliking te kry, bly hulle tjoepstil."

Ook Joubert se klage is aan MTN gestuur. Die geld wat vir versekering van Joubert se reke- ning verhaal is, is aan hom te- rugbetaal.

SAUK beboet, al lê fout by hulle

Mnr. C. van den Berg was on- gelukkig met die diens van die SAUK.

"Ek sukkel al die afgelope twee jaar om 'n fout op my SAUK-rekening reggestel te kry. Die saak is al aan die SAUK se prokureurs oorhandig.

"Ek het die prokureurs gekon- tak, maar volgens hulle moet ek die saak direk met die SAUK op- neem. Op hul beurt sê die SAUK ek moet met die prokureurs praat.

"Niks word dus aan die saak gedoen nie en elke maand word daar nog 'n boete op my reke- ning bygevoeg. Ek het bewyse

dat die fout op hul stelsel is, maar die SAUK trek net hul skouters op. Ná al die gesukkel is ek nou al raadop."

Tot u diens het Van den Berg se klage na die SAUK gestuur. Hulle het die saak ondersoek en die bedrae wat verkeerd op sy rekening aangebring is, terugge- skryf.

Kla so by ons

Verbruikers kan hul klagtes nou elektronies by *Tot u diens* indien. Stuur 'n epos na totudiens@beeld.com.

Klagtes wat elektronies in- gediend word, kan spoediger afgehandel word.

U kan ook 'n faks stuur na 086 693 5146.

Onthou om die maatskap- py se faksnr. en besonder- hede in te sluit.

Klagte van die week

Me. Eloise McKenzie was nie beïndruk met die diens wat sy van VHF Electronics gekry het nie.

"Ek het probleme ondervind met my mikrogelooftel en het dit in Mei na VHF Electronics geneem vir herstelwerk. 'n Maand later het hulle my 'n kwotasie vir die herstelwerk gegee en ek moes 'n 50%-depo- sito betaal voordat hulle sou begin."

McKenzie het die betaling ge- doen en die werk is begin. "Ná

nog 'n maand, en omtrent elke maand daarna, het ek gebel om te hoor hoe hulle vorder. Hul standaardantwoord was dat van die onderdele nog op be- stelling was. Die onderdeelbe- stuurder sou my self hieroor bel, maar ek wag nog steeds. Dis ses maande later en hulle het my nie eens 'n leenheid aangebied nie."

Tot u diens het VHF gevra om kommentaar te lever op McKenzie se klage. Hulle sê haar oond was redelik geha-

wend en dat die deur daarvan heeltmaal vervang moes word.

Die oond is ook al sewe jaar oud. Hulle het al die onderdele bestel op die dag wat sy die de- posito betaal het, maar het haar ingelig dat een van die on- derdele van oorsee bestel moes word en dat die datum van aankoms dus buite hul beheer sou wees. Hulle het om versko- ning gevra vir die oponthoud en sy het nou haar oond in goeie werkende toestand terug- gekry.

Dr. Franz Thiel was baie beïndruk met Vision Pools se diens.

"Ek wil graag mnr. Juan Diedericks en sy span werkers van Vision Pools bedank. Hulle het die ou playeisel by ons swembad se onthaalarea verwyder, nuwe beton gegooi en pragtige nuwe playeisel geleë.

"Hulle het ook ons jacuzzi en swembad herstel. Die werk is van puik gehalte en ons sal hulle enige tyd aanbeveel."

■ Me. Yolande Swanepoel het 'n pluimpie vir Coricraft, Montana.

"Ek het nuwe eetkamerstoele by Cori- craft bestel en dadelik daarvoor betaal.

Dieselfde dag het ek 'n oproep van hul pakhuis in Johannesburg ontvang. Hulle het my gratis aflewering by my huis aan- gebied terwyl aflewering gewoonlik na- genoeg R400 kos. Twee dae later het hulle die afleweringstyd bevestig en die stoele soos afgespreek afgelewer."

■ Mnr. Herman Kriel het sy dank teenoor Standard Bank uitgespreek.

"Daar het 'n probleem met my reke- ning by Standard Bank ontstaan, maar nadat ek met mnr. Patric Murta en mnr. Dasigan Munsami in kontak was, is die probleem in 'n japtrap opgelos. Baie dan- kie aan julle albei."

Pluimpies

Wenke wat werk

Die ombudsman vir korttermynversekering waarsku mo- toriste wat in reënweer ry van die volgende:

■ 'n Motoris wat deur poele water ry, kan skade aan die voertuig se enjin veroorsaak wat nie deur hul verseke- ringspolis gedek word nie.

■ Let veral op die bewoording van die polis wat enige skade aan die voertuig se enjin kan uitsluit as die skade nie weens 'n ongeluk is nie.

■ Die versekeraars kan ook aanvoer dat 'n motoris wat deur poele water ry nie die nodige stappe gedoen het om skade te voorkom nie.

■ Terwyl sekere bakkies met gemak en sonder skade deur redelike diep water kan ry, is daar motors met lae lugtoevoerpype na die enjin wat in redelike vlak water reeds water in die enjin kan insui.